

**31 Julie**

**Jesaja 40:25-31**

(Teks: 40:31)

***Vertrou op die Here - Hy gee nuwe krag!***

'n Algemene en tog 'n tragiese verskynsel: jongmense in die fleur van hul lewe, reeds al lewensmoeg en moedeloos..., uitgebrand!

Dit was sekerlik hoe die volk van God destyds in ballingskap gevoel het - onderwerp aan 'n heidense koning, ver weg van die tempel, die simbool van God se teenwoordigheid. Dis logies dat hulle daar in die vreemde vir mekaar gesê het: "die Here sien nie meer raak wat van my word nie, my reg gaan by God verby."

Tot hierdie moedverlore volk kom die Here se woord (lees vers 31). Vertrou beteken: om jou hele lewe in sy almagshande te laat en seker te weet dat Hy ook aan jou persoonlik genade sal skenk.

En jy kan so op Hom vertrou - ten spyte van wat jy beleef, want: "Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde". Kyk op! Kyk na die miljoene der miljoene sterre. Vir die Babeloniërs is die sterre gode. Vir God is hulle die maaksels van sy hande. Hy beheer die miljoene sterre, hoeveel te meer die lotgevalle van sy kinders nie!

Aan dié wat op Hom vertrou, belowe die Here nuwe krag:

- Hulle vlieg met arendsvlerke. Die hoogtes is sy woonplek. Kragtig, statig sweef hy deur die lug. Dit is beeld van om nie deur die swaar van die lewe platgedruk te word en geestelik te versmoor nie. Maar op te styg daaruit, bevry te word van die suigkrag van die aarde met sy sonde, gebrokenheid, pyn en dood.
- Hulle hardloop en word nie moeg nie - selfs nie eers in die druk.tye van die lewe, met sy beslissings en krisisse nie.
- Hulle loop - die daaglikse roetines en sleurgang van die lewe - en hulle raak nie afgemat nie.

Dalk moet ons minder rondskarrel en meer tyd maak om ons vertrou op God te oefen. Dan sal ons nuwe krag kry.

Sing Psalm 146:3 en 4

Ds. H.C. van Rooy (Bethulie)